# ENKELE HERINNERINGE VAN 'N OUDSTUDENT VAN PROFESSOR D. J. DU PLESSIS.

As een van professor D. J. du Plessis se studente ten tye van sy bevordering tot hoogleraar in Chemie aan die ou P.U.K. ongeveer dertig jaar gelede is dit vir ondergetekende 'n eer en voorreg om enkele woorde van waardering op skrif te stel vir 'n leermeester wat nie slegs dosent was nie maar ook dikwels 'n veel meer persoonlike faset van sy karakter openbaar het deur sy belangstelling in die persoonlike probleme van sy studente. Dit is met dankbaarheid dat ek steeds terugdink aan daardie jare en die geleenthede wat daar as gevolg van die persoonlike belangstelling en hulpverlening van prof. du Plessis vir my ontstaan het.

Wat sy doseerwerk betref het prof. du Plessis in die beginjare met 'n aansienlike kwota probleme te doen gekry. Dit was ongetwyfeld geen maklike taak vir 'n dosent in Skeikunde om in die moeilike aanvangsjare van die P.U.K. (ongeveer 1921 tot 1930 of later) met die karige fasiliteite tot sy beskikking 'n volwaardige departement uit te bou nie.

Met beperkte hulpmiddele moes prof. du Plessis sy studente met die basiese beginsels van die vak vertroud maak en trag om by minstens 'n persentasie van hulle werklike belangstelling vir die vak te wek en te behou. Dit was veral 'n probleem om aan die senior studente die nodige praktiese opleiding te gee. Onder hierdie omstandighede moes prof. du Plessis as enigste dosent die administratiewe pligte van die departement behartig, sy verpligtinge ten opsigte van die Senaat van die P.U.K. en die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika nakom, al die lesings waarneem en ook al die praktiese opleiding behartig. Nogtans het hy daarin geslaag om selfs in daardie stadium feitlik elke jaar een of meer nagraadse studente op te lei.

Uit die aard van die saak kon dit onder daardie omstandighede nie verwag word dat hy nagraadse studente in meer as een hoofvertakking van die vak sou laat spesialiseer nie — trouens, die laboratoriumgeriewe het dit ook nie toegelaat nie. Dit is dan ook geen wonder nie dat prof. du Plessis die belangstelling van sy senior studente gestuur het in die rigting van die Organiese Chemie waarvoor die departement die beste toegerus was. Ten spyte van beperkte middele het hy toegesien dat sy nagraadse studente veral deeglik kennis maak met 'n uitgesoekte reeks van die belangrikste naslaanwerke in Organiese Skeikunde, 'n aansienlike deel waarvan uit sy eie biblioteek afkomstig was.

In daardie jare het prof. du Plessis hom ook daarop begin toelê om die gebruiklike metodes van skeikundige onderrig van voorgraadse studente ingrypend te hersien en steeds in ooreenstemming met die jongste beskouings te bring. Die nadruk in die leerplan is dan ook van tyd tot tyd enigsins verskuif, met die gevolg dat eerstejaarstudente in Chemie moes ondervind dat dit 'n veel stywer kursus was as wat hulle van hul voorgangers verneem het.

Ongelukkig is ondergetekende nie op die hoogte van die ontwikkelings in die Chemie-departement na 1934 nie, en bostaande opmerkings verwys dus na omstandighede wat geheers het toe die ou sinkgebou nog as lesingkamer en laboratorium diens gedoen het.

Dit verbaas 'n mens dat prof. du Plessis onder bogenoemde omstandighede en met 'n groeiende eie gesin nog kon belang stel het in die persoonlike behoeftes van sy studente. Nogtans het daar by hom agter 'n saaklike uiterlike 'n bereidwilligheid tot praktiese hulpverlening geskuil wat menige buitestaander waarskynlik nooit sou vermoed het nie. Presies watter persoonlike opofferings hy saam met sy gade en gesin hulle getroos het om ander te hulp te kan kom, sal seker min buitestaanders ooit weet. Selfs die privaatheid van hul eie huislike kring het hulle prysgegee terwille van behoeftige studente. Veral moet die vrou van die huis bewonder word, wat telkens bereidwillig ingestem het dat inbreuk maar op die privaatheid van hul gesinslewe deur 'n volslae vreemdeling gemaak word.

Met die klimmende jare vervaag in 'n mens se herinnering baie van die besonderhede aangaande persoonlike kenmerke van ou kennisse. Sekere eienskappe van jou leermeesters ver-

geet 'n mens egter nie so maklik nie. Ook prof. du Plessis het sekere onderskeidende kenmerke gehad wat sy studente seker na baie jare nog sal onthou. Ofskoon die studentetal in die departement Chemie aan die P.U.K. vir C.H.O. nie so groot was as dié in dieselfde departemente van sommige ander S.A. Universiteite nie, moet dit nogtans 'n indrukwekkende aantal studente wees wat gedurende prof. du Plessis se lang loopbaan onder sy wakende oog deurgeloop het. Sommige van hulle se kennismaking met die geagte professor was van korter duur, ander s'n weer van langer duur, en almal sal seker nie dieselfde indrukke met hulle meegeneem het na hul opleiding in sy departement nie. Wat 'n groepie van sy oudstudente egter betref, sal een van die uitstaande herinneringe wees die menslikheid en praktiese hulpvaardigheid van prof. du Plessis toe hulle voor ernstige struikelblokke in hul studies te staan gekom het.

Waar prof. du Plessis na 'n lang en vrugbare akademiese loopbaan reeds vroeër vanjaar uitgespan het, is ek seker dat sy oudstudente oor die hele land vir hom en mev. du Plessis 'n aangename en gelukkige nuwe fase in hul lewe toewens. Mag dit vir hulle beskore wees om die rypheid van die ouderdom in 'n volle mate te geniet.

M. C. A. NOLTE.

Pretoria.